**No. 2184** **7 Oktober 1983**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE HISTORIESE NAVARRE-PLAASHUIS TESAME MET DIE AANGRENSENDE BUITEGEBOUE EN DIE GROND WAAROP HULLE STAAN, GELEË OP DIE PLAAS MARSHDEN 577, IN DIE DISTRIK STELLENBOSCH

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese Navarre-plaashuis tesame met die aangrensende buitegeboue en die grond waarop hulle staan, geleë op die plaas Marshden 577, in die distrik Stellenbosch, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese Navarre-plaashuis, tesame met die aangrensende buitegeboue, asook die grond waarop hulle staan, geleë op sekere stuk grond, gedeeltelik eiendomsgrond en gedeeltelik afgeskafte erfpaggrond, in die administratiewe distrik Stellenbosch, synde Gedeelte 17 van die gekonsolideerde plaas Marshden 577, groot 21,4708 (een-en-twintig komma vier sewe nul agt) hektaar. Sertifikaat van Gekonsolideerde Titel 11491/1978, gedateer 26 Mei 1978.

*Historiese en argitektoniese belang*

Navarre, oorspronklik die opstal van die plaas Nooitgedacth wat in 1796 aan Daniel Josias Malan toegeken is, is in 1814 deur sy seun, Johannes Jacobus Malan, opgerig. Die indrukwekkende laat-neo-klassieke gewel dra sy voorletters. Die buitegeboue dateer ook uit die vroeë negentiende eeu. 10/2/1033.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

**No. 2184** **7 October 1983**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE HISTORIC NAVARRE FARMHOUSE TOGETHER WITH THE ADJACENT OUTBUILDINGS AND THE LAND ON WHICH THEY STAND, SITUATED ON THE FARM MARSHDEN 577, IN THE DISTRICT OF STELLENBOSCH

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the historic Navarre farmhouse together with the adjacent outbuildings and the land on which they stand, situated on the farm Marshden 577, in the District of Stellenbosch, to be a national monument.

*Description*

The historic Navarre farmhouse, together with the adjacent outbuildings, as well as the land on which they stand, situate on certain piece of land, partly freehold and partly extinguished quitrent, in the Administrative District of Stellenbosch, being Portion 17 of the consolidated farm Marshden 577, twenty-one comma four seven nought eight (21,4708) hectares in textent. Certificate of Consolidated Title 11491/1978, dated 26 May 1978.

*Historical and architectural interest*

Navarre, which was originally the homestead of the farm Nooitgedacth that was granted to Daniel Josias Malan in 1796, was erected in 1814 by his son, Johannes Jacobus Malan. The impressive late neo-classical gable bears his initials. The outbuildings also date from the early nineteenth century. 10/2/1033.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.